

HOOFSTUK VIII

VERHOUDING TUSSEN HEER EN DIENSBODE

Een van die oorsake van ontevredenheid van die Trekkers met die toestande in die Kaapkolonie was die gebrek aan kontrole oor hulle diensbodes. Om by die Veldkornet te kla, het nie gehelp nie omdat sy gesag in die opsig beperk was. Om by die Magistraat te gaan kla moes die Boer lang afstande aflê, hom van 'n agent bedien, en as die diensbode skuldig bevind is, was die straf gewoonlik van so 'n aard, dat dit feitlik 'n aanmoediging vir die beskuldigde was om weer te oortree. Na hy twee of drie dae 'n goeie behandeling in die tronk ontvang het, en 'n lesing van die Magistraat, is hy weer op vrye voet gestel en is die Boer in die oë van die diensbodes verneder.¹ Daarom het Retief in sy manifeste verklaar dat waar hulle ook hulle gaan vestig, hulle van plan was om 'n "behoorlike verhouding tussen heer en diensbode te bewaar."

Dat die Trekkers onder " 'n behoorlike verhouding" nie die willekeurige mishandeling van dienshere verstaan het nie, het hulle reeds op trek bewys. Artikel 9 van die instruksies wat op 21 Julie 1837 deur die "Goewerneur (Retief) in Rade" uitgevaardig is, het bepaal:

Die Kommandant en sy Veldkornette sal die mees moelike sorg dra dat geen bediende, van welke klas of kleur ook mishandel word

1. Sien verklaring van Sir G. Napier oor Trek: Bird: Annals of Natal, I, bls. 511 en Bird: Annals of Natal, I, bls. 694- Volksraad aan Napier, 21 Februarie 1842.

en hy sal verplig wees om sonder versuim die skuldige persone aan te gee, sonder enige onderskeid, opdat hulle gestraf kan word ooreenkomstig die betreffende wette. 1.

Die wette waarna verwys word, is nie bekend nie. Die doel van die instruksie is egter duidelik genoeg; die diensbode moes beskerm word.

Die Trekkers noord van die Vaal het die "goeie verhouding tussen die baas en die diensbode van so groot belang beskou, dat hulle bepalings in verband met die saak reeds indie Drie-en-dertig Artikels van 9 April 1844 opgeneem het. Hier in is bepaal, dat die diensheer die reg sou hê om 'n "behoorlijke tucht" onder sy diensbodes te hou.

Maar geen mishandeling, indien zulks geschiedt is, zal de dienaar aan wien de mishandeling geschiedt is, ontnomen worden en de diensheer gestraft worden naar den aard der zaak. 2.

Dat die laaste gedeelte van die bepaling maar nie net vir die naam ingesluit is nie, maar dat die Volksraad ook van plan was om dit uit te voer, blyk daar uit dat die Volksraad in September 1846 besluit het om die Veldkornette te beveel om in hulle wyke toe te sien, dat die ingeseteneg³ nie die Inboorlinge wat by hulle in diens was, mishandel nie.

Die Volksraad was nie van plan om vreedsame Kaffers af te skrik nie, om by die Blankes in diens te tree nie. Reeds op 8 Junie 1846 is by die Volksraad gekla: "omringd zijn wij van kaffers, en zijn daarem (?) ontbloot van volk."

Omdat dit nie die beleid van die Boere was om die Inboorlinge te verplig om by hulle in diens te tree nie, wou hulle die Inboorlinge trek deur 'n goeie behandeling van diensbodes te

-
1. Preller: Piet Retief, bls. 377.
 2. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 6. Professor Macmillan verklaar sonder rede aan te voer: Bantu Boer and Briton, bls. 179: "The Trekker's way with the natives was individual discipline for farm servants (with no legal protection), and the old "commando system" for recalcitrant."
 3. V.R.N. 22-23 September 1846, Art. 31.
 4. R. 116/46.

verseker. Die land was woens en daar was nog baie woonplek beskikbaar. Dit was prakties onmoontlik vir die Boere om die Inboorlinge te verplig om in diens te tree. Hulle het nie die nodige amptenare gehad om dit te doen nie en die Inboorlinge sou eenvoudig wegloop of wegtrek as die Boere dit probeer het.¹

Om te voorkom, dat die dienshere hulle diensbodes mishandel as hulle oortree, het die Volksraad aan die Veldkornette opgedra om straf toe te dien. So het die Volksraad in Januarie 1850 besluit:

ook zal er stiptelijk door den Veldcornet nagezien worden als er weigering van diensbodens is te geenen (?) het naauwkeurig na te zien waaruit het ontstaat, na gedane onderzoek de Schuldige te straffen niet te bovengaande de Vijf en twintig Slagen met de Platriem. 2.

Hierdie metode van straf toedien was besonder effektief en het 'n baie beter uitwerking gehad as wat die uitwerking van gewone tronkstraf gewoonlik is.

Die Boere het egter beseef, dat dit "aller nadeelig" vir die Republiek sou wees, dat mishandeling van die diensbodes sou plaasvind. Daarom het die Volksraad op 24 Maart 1853 besluit dat dit verbode was

dienstbode als een bandiet in ijzer of boeijen te slaan, als alleen bij gevangeneming en transportatie naar een der gevangenissen. 3.

Alleen die "bevoegde gerechtshof" kon die soort van straf toepas en die wat hulle skuldig gemaak het aan die oortreding het

-
1. Selfs teen die einde van die 19e eeu het die myne op die Rand moeilikhede ondervind omdat kaffers weggeloop het (Witwatersrand Chamber of Mines South African Republic Annual Report for the year ending 31st Desember 1890 bls. 62) Die arbeiders is nie verplig om in die myne te gaan werk nie, die lone was goed en die Staat was beter georganiseer. En tog het Naturelle wat nie langer wou bly nie weggeloop. In die eerste driekwart van die 19e eeu was dit nog makliker vir die Inboorlinge wat nie langer in diens wou bly nie om weg te loop.
 2. V.R.N. 23 Januarie 1850, Art. 34.
 3. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 21.

het hulle blootgestel aan 'n boete van Rds. 25 vir die eerste en dubbel die bedrag vir die volgende oortreding. Die Veldkornette moes toesien, dat geen mishandeling "hoe ook genaamd" gepleeg word nie, en die Veldkornet wat nalatig was sou met Rds. 5 vir die eerste keer en dubbel die bedrag vir die volgende beboet word.¹

'n Ander bewys dat die diensbodes wettig beskerm was, word gevind in die instruksies aan Veldkornette van 1858.

Alle aansoek om Inboorlinge in diens te neem, moes by die Veldkornet ingedien word. Niemand is toegelaat om met 'n Kaptein oor diensvolk te onderhandel nie sonder dat die Veldkornet daarvan kennis dra nie. Blankes kon ook nie Inboorlinge willekeurig in diens neem nie:

De Kleurlingen zullen door de inwoners onder contract moeten worden gehuurd, dit contract moet ondergeteekend en gegeven worden door den Veldkornet der afdeeling. 2.

In hierdie kontrak word die datum van indiensneming, dienstyl en loon bepaal. Dit was weer 'n duidelik bewys, dat die Boere teen verpligte of onbeloonde arbeid was. Die werkgever moes onderneem om die volle loon te betaal, ander stel hy hom bloot aan 'n boete van 10 tot 25 Rds. Die Inboorling moes hom egter ook aan die kontrak hou anders word hy met "25 slagen"³ gestraf.

Die "behoorlijke verhouding" wat die Boere verlang het, was dus 'n behoorlike toesig oor die diensbodes, en aan die ander kant 'n regverdige behandeling. Dit was nie net in belang van die Inboorling dat die arbeiders beskerm moes word nie, maar ook tot voordeel van die Blankes self. Omdat

-
1. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 21.
 2. Dieselfde, bls. 47, Art. 98. Algemeen vorm van dienskontrak: "Zij het kennelijk, dat hede, den ... dag van der maand .. des jaars .. 18 .., voor mij Veldkornet .. is verschenen de burger .. de Hottentot, kaffer of vrijswarte) die verklaard zich te hebben verbonden in diens van bovengenoemden comparant voor den tijd van .. voor de somma van .. of .. kleedingstukken, of beesten .. en meergemelden comparant neemt aan de genoemde betaling sonder korting aan meergemelde (kaffir Hottentot of vrijswart) te doen.
 3. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 99, Art. 56.

verpligte arbeid nie bestaan het nie, het die Boere ook in 1858 probeer toestande skep wat vrywillige arbeiders trek, gevolglik is verder bepaal:¹

De meesters zullen hunne diensboden goed voeden, goed behandle en belonen. Doen zij dit niet, dan kunnen de dienstboden zich daarover beklagen bij den Veldkornet hunner afdeeling, mitz zoodanige Veldcornetten in wijken, buiten de dorpen gelegen sorteren. De Veldkornet zal den betrokkenen meester of meesterses oproepen, en ingeval van zijne of hare niet-verschijning of bevinding van skuld, van de aanklagte kennis geven aan den Landdrosten der Landdrost naar bewinding van zaken, aan den Staatsprocureur, ten einde deze zaak vervolge voor zoodanig Hof als zal behooren.

As die klagte gegrond was, sou die diensheer nie alleen gestraf word volgens die oordeel van die hof nie, maar ook 'n boete van Rds. 20 betaal.² Blyk dit egter ongegrond, sou die diensbode gestraf word.³

Om 'n gelyke verdeling van die diensbodes te kry, is weer bepaal, dat elke eienaar van 'n plaas geregtig sou wees om "4 huishoudende Kaffers" in sy diens te neem "doch hij zal deeze niet onbeloond laten."⁴ Hierdie bepaling verbied die burgers nie om meer dan vier huisgesinne op hulle plase aan te hou nie. Dit was 'n beperking van die aantal arbeiders wat in diens was. Die bure moes ook 'n kans kry om van die Inboorlinge wat op 'n seker plaas gekonsentreer het, gebruik te maak. En die groot rede waarom hier nie op verdeling van die huisgesinne aangedring is nie, is omdat so 'n verdeling dikwels die gevolg gehad het, dat die hele kraal van kaffers wegtrek en hulle op 'n plek gaan vestig waar hulle wel saam kon woon.⁵ Dit is egter die begin van die plakkerswette wat van die

-
1. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 96 Art. 42.; Die instruksie van die Veldkornette bewys weer dat Professor Macmillan verkeerd is waar hy verklaar (bantu, Boer and Briton bls. 310) "labour conditions were what master chose to make them." Daar was geen sprake van "totally unregulated conditions of labour service." (Prof. Macmillan: Bantu, Boer and Briton, bls. 195).
 2. Locale Wetten, Z.A.R. 1849-1885, bls. 97. Art. 43.
 3. Dieselfde, bls. 44.
 4. Dieselfde, bls. 99, Art. 57.
 5. R. 370/66- Brief van Superintendent van Naturelle - Soutpansberg. R. 371/66 - Memorie van T. du Preez en 25 ander.

tagtiger jare toegepas is om die arbeidsmoeilikhede op te los.

Nou verwant aan die kwessie van die verhouding tussen die Heer en Diensbode staan die pasregulasies van die Suid-Afrikaanse Republiek.

Nadat die Trekkers in 1845 in die oostelike dele van die Transvaal gaan vestig het, het hulle baie te verduur gehad van die gewapende Kaffers wat die land deurkruis het. Om die euwel te bestry het die Volksraad te Ohrigstad op 15 Mei 1846 besluit Die Kommandant-Generaal moes aan die Kapteins kennis gee, dat al die gewapende Kaffers gevang sou word, die wat na veertien dae van die kennisgewing gevang word, sou 'n pak slae kry en vir 'n jaar in diens by een of ander Blanke gestel word.¹

Aan die besluit het die Inboorlinge hulle nie veel gesteur nie en rondlopery wat gepaard gegaan het met stelery, het maar bly voort duur. Die Emigrante het nie die nodige polisie-dienare gehad om die euwel teen te gaan nie.

Dit was dan nodig om te onderskei tussen die doellose rondlopers en die diensbodes, Daarom het die Volksraad op 20 Mei 1850 besluit, dat die Kaffers wat hulle verhuur het, die Veldkornet daarvan moes kennis gee. Wanneer hy na 'n ander distrik trek, moes hy 'n bewys van die Veldkornet en sy baas verkry, wat hy by die volgende Veldkornet moes vertoon.² As die Emigrante die besluit kon uitvoer, sou hulle nie alleen die rondlopers in die hande kry nie, maar ook tot 'n seker mate kontrole oor hulle diensbodes uitoefen. Die politiek van die Trekkers was dus in die opsig heeltemal gesond.

Die moord op Hermanus Potgieter in 1854 en ander Blankes en die opstandigheid van sekere Kaffers het die Krygsraad

1. E.V.R. I., V.R.N. 15 Mei 1846, Art. 2.
2. V.R.N. 20 Mei 1850, Art. 8.

- 168 -

op 10 Oktober 1854 laat besluit om streng op te tree teen die rondlopers. Geen Inboorling sou toegelaat word om sonder 'n pas van sy diensheer rond te gaan nie. As 'n Inboorling gevang word en dit was duidelik, dat hy nie by 'n Blanke in diens was nie, sou hy doodgeskiet word.¹ Hierdie streng maatreël is geneem in 'n tyd van algemene onrus. Dokumentêre bewys dat dit uitgevoer is, is nie gevind nie. Die Krygsraad was nie van plan om die maatreël in vredestryd toe te pas nie.²

Dit wil nie sê, dat die Inboorlinge in vredestryd na willekeur kon rondloop nie. Deur die Kaffers te verplig om 'n pas te dra het die Boere gemeen om die doellose rondlopery wat gewoonlik op kwaaddoenery uitgeloop het te kontroleer. Dit was nie net 'n kwessie van arbeid nie. Die instruksies aan die Veldkornette van 1858 was taamlik duidelik in verband met die punt.

Ieder kleurling, die onder een kaptein staat, zal buiten de hem aangewezenen plaats loopende moeten voorzien zijn van een paspoort, afgegeven en ondertekend door zijne Veldkornet, en ingeval hij vee bij zich heeft, dan met vermelding van het soort en aantal van dat vee. 3.

Aan die ander kant is die passtelsel ook gebruik om te voorkom, dat diensbodes voor hulle dienstryd verstreke was hulle base verlaat, deur te bepaal, dat hulle 'n pas van die baas waar hulle gewerk het moes vertoon.

Ter voorkoming van Landloperij, Dieverij en andere onge-regeldheden der Kaffers, ter bescherming van personen, eigendommen en bezittingen, ter betere regeling en bestiering der Kafferstammen,"

is in 1866 bepaal:

Eenig kleurling, die bevonden zal worden zonder pas van zijnen dienstheer, opperhoofd, toegelaten Zendeling, Landdrost of Veldcornet, het land doorgaande of zoo hij een pas mogt hebben, zich niet daarmede overeenkomstig gedragende zal door elken

-
1. R. 696/54 - Notule van die Krygsraad.
 2. E.V.R., 106, 226/52
 3. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 37.

burgermoeten worden aangehouden, en naar den naasten Veldkornet opgezonden, om naar bevind van zaken overeenkomstig wet behandel te worden, en bij verzet zal geweld met geweld worden te keer gegaan. 1.

Die doel van die wet is duidelik. Soos in die aanhef verklaar word, moes landlopery gekontroleer word.

In die begin van die sestiger jare het burgergeskille die Inboorlinge 'n kans gegee om rond te loop en die wette van die Republiek in hierdie verband te veronagsaam. Dit was gevolglik noodsaaklik om die wette in hersiening te neem.

Die feit dat die passe van Sendelinge en die Kapteins erken is, toon aan dat die Inboorlinge nie beperk was nie "to carry their labour to the best market."² Die Boere het die arbeiders verwelkom, maar daar is niks in hierdie paswet wat die amptenare magtig om die Inboorlinge by wie hulle wou in diens te stel nie. Alleen die oortreders van die wet kon verplig word om by burgers in diens te tree. Die vryheid van beweging is ook deur die paswette van die Boere belemmer om lone laag te hou nie. Die feit dat die Kapteins en die Sendelinge passe kon uitreik, het die Inboorling feitlik in staat gestel om vry in dieland te beweeg. Die beweging van die diensbode was natuurlik beperk tot die plekke waar sy baas hom wou laat gaan maar die bepaling was noodsaaklik om daardeur 'n behoorlike kontrole oor die diensbodes uit te oefen.

In 1872 is die eerste belangrike verandering in die paswette van die Suid-Afrikaanse Republiek aangebring. Hierdie wet (No. 3 van 1872) het bepaal, dat elke "Kaffer" binne die Suid-Afrikaanse Republiek verplig sou wees om hom van 'n pas te voorsien, wat hy op aanvraag aan enige onderdaan van die Suid-Afrikaanse Republiek moes vertoon. Hierdie pas moes

1. St. Court. Z.A.R. No. 159, Julie 24, 1866, K.G. No. 76.
2. Verklaring van Macmillan re Paswette van Kaapkolonie. Sien the Cape Colour Question (1927) bls. 165.

elke jaar weer vernuut word en £1 daarvoor betaal word "om geene verdere opgaaf of belasting zal van den houder van sulke een pas gevorderd worden, met voorbehoud van maatregelen in bijzondere gevallen, later door de wetgewing te bepalen."¹

In 1873 is bepaal dat die Inboorlinge wat by die Burgers vir ses maande in diens was, die passe gratis sou ontvang: maar geen Burger kon meer dan 10 vrypasse sonder spesiale verlof verkry nie.² Die Inboorlinge kon, of wou nie die £1 vir pasfooie betaal nie. Gevolglik het die Regering instruksies gegee dat net 5/- vir die pasfooie gevra moes word.³ Hierdie bepaling is hoofsaaklik opgestel om te voorkom dat Inboorlinge hulle tussen Blankes gaan vestig, en dan doelloos rondloop en kwaad doen. Die Regering was blykbaar nie van plan om Kaffers wat in lokasies of kafferstatte gewoon het onder die wet te bring nie. In wet No. 3 van 1876 is die politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek in die opsig verder uitgewerk. Hierdie wet het bepaal, dat Inboorlinge wat nie kon aantoon dat hulle "kleine of grootelocaties" bewoon het nie, of by privaet persone in diens was nie, sou beskou word as landlopers en moes hulle van 'n pas voorsien, waarvoor hulle moes betaal. volgens die tydperk wat hulle nie in diens was nie.: vir drie maande £1, vir ses maande £2 en vir twaalf maande £5.⁴ Hierdie Inboorlinge moes nog verder bevredigende bewys kon lewer, dat hulle middels van bestaan gehad het, anders kon hulle gevange geneem word en volgens die wet behandel word.⁵

Ook die wette is nie opgestel en goedkoop arbeid of verpligte arbeiders te verskaf nie.⁶ Die politiek van die

-
1. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 473, Art. 3.
 2. Dieselfde, bls. 481, Art. 9.
 3. Blue Book for Transvaal Province, bls. 100.
 4. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 664, Art. 6.
 5. Dieselfde, bls. 664.
 6. Sien Prof. Macmillan: The Cape Colour Question, bls. 142.

Suid-Afrikaanse Republiek was om Inboorlinge aan te moedig om hulle by die Blankes in hulle nabyheid te gaan vestig, maar aan die ander kant wou hulle nie toelaat, dat rowerneste in hulle nabyheid ontwikkel nie. Die gewone "statkaffer" en diensbode is so min moontlik aan beperkende en hinderlike bepalings blootgestel. Om die bepalings te verstaan moet ons die omstandighede van die tyd in aanmerking neem. Daar was die selfstandige Inboorling wat op privaat of goewernementsgrond gevestig was, en dan was daar die Inboorlinge wat nie 'n vaste woonplek gehad het nie, en wat hulle op oop gronde in die nabyheid van die Blankes gaan vestig het, veral met die doel om van die vee van die naburige plase gebruik te maak. Dit was om die soort van Inboorlinge te kontroleer, dat die laasgenoemde pasregulasies opgestel is.

Wet No. 3 van 1876 het bepaal, dat die Onder Kommissaris (Veldkornet) aan elke Inboorlinge wat sy lokasie wou verlaat om te gaan werk, gratis 'n pas moes uitreik. Dienshere moes ook aan Inboorlinge wat hulle kontrak uitgedien het, gratis passe verleen. Die passe wat so uigereik word, moes duidelik aantoon, waar die Inboorling vandaan kon, en waar hy heengaan, en wat hy alles saam neem. Dienshere of amptenare wat geweier het om sulke passe uit te reik het hulle bloot gestel aan 'n boete van £1 tot £5. Dat elke Inboorling van so 'n pas voorsien wees, voordat hy in diens geneem kon word, was dus nie 'n maatreël om die Inboorling te onderdruk nie, maar alleen 'n bepaling om kontrole oor rondlopers uit te oefen.

Dit was nie alleen Inboorlinge binne die grense van die Republiek wat rond geloop het nie. Baie Inboorlinge het van buite die grense oorgetrek.

Die Suid-Afrikaanse Republiek kon ook nie toelaat dat

1. Locale Wetten Z.A.R. 1884-1885, bls. 664.

Inboorlinge willekeurig oor sy grense trek nie. Die eerste besluit wat geneem is in hierdie verband is die van die Krygsraad van 18 September 1852:

Dat geen Kaffer hoe ook genaamd tot eenig stam behoorende binne die Limietsbepalings der Vereenigde Maatschappij .. getollereerd zal worden de Vaalrivier te passeren naar de kolonie zyde.

Enige Veldkornet of privaat persoon wat 'n Inboorling gekry het wat die probeer doen het, moes hom teen gaan, en as hy daarop gestaan het om sy oogmerk te bereik, kon hy gedood word.¹

Dit kan nie met sekerheid gesê word waarom die besluit geneem is nie. Die Setsjelic moeilikhede was net be-eindig, en een van die belangrikste oorsake van sy opstandigheid was die feit dat hy al taamlik goed voorsien was van Vuurwapens.² Dieselfde tyd was daar moeilikhede met Sekwatie aan die broei, en die Boere was bewus daarvan, dat die Kaptein besig was om vuurwapens in te smokkel.³ Daar die Emigrante Kaapkolonie as een van die belangrikste plekke beskou het, vanwaar vuurwapens verkry is, is dit baie waarskynlik, dat die besluit geneem is om te voorkom, dat vuurwapens verder van die oord ingesmokkel word.

Inboorlinge het ook van buite aefengekom, kwaad gedoen endan weer oor die grens gegaan. Pretorius het daarom op 27 Desember 1855 aan President Boshoff van die Vrystaat geskryf, en hom gevra of daar nie maatreëls getref kon word om die rondlopers teen te gaan nie.⁴ Die antwoord van die Vrystaat op die brief is nie gevind nie. Tog is dit van belang dat die Suid-Afrikaanse Republiek reeds in die vyftiger jare pogings aangewend het om die euwels wat gebore kon word, uit die rondlopery van Inboorlinge van die een na die ander staat,

1. E.V.R. 106, V.R. 226/52.
2. R. 424/52.
3. E.V.R. 106, V.R. 220/52.
4. R. 955/55.

teen te gaan. In die Instruksies van die Veldkornette van 1858 is ook bepaal, dat niemand toegelaat sou word om aan 'n Inboorling 'n pas te gee om oor die grens te gaan, "tenzij het door enig belang van zijnen meester gevorderd wordt."¹

"Vaebonde" van buite moes ook uit die Republiek gehou word: daarom het dit Uitvoerend Raad in April 1861 besluit, dat Inboorlinge wat die Suid-Afrikaanse Republiek ingekom het, voorsien moes wees van 'n sertifikaat van die Gesaghebbendes waar hulle vandaan kom, anders sou hulle gevange geneem en oor die grens gestuur word.² Hierdie besluit toon aan dat die bogenoemde bevel aan die Veldkornette gegee was, omdat die Boere bang was dat hulle op die manier arbeiders sou verloor. In die sestiger jare het daardie argument nog nie by hulle enige belang gehad nie. Verder was hier nou 'n kans vir die Suid-Afrikaanse Republiek om die rondlopers te verplig om in diens van die Blankes te tree. Dit het hulle nie gedoen nie. Hulle paswette was nie vir die doel opgestel nie.

Dit wet "ter voorkoming van landloopery, Dievery en andere ongeregelheden der Kaffers, ens." (1866) het ook strenger opgetree om die rondlopers uit die land te hou.

Ieder ambtenaar of burger dezer Republiek, die overtuigd zal worden, een kaffer of kaffers of ander kleurlingen te hebben laten inkomen in deze Republiek, of hebben laten passeren zonder pad te hebben nagezien, zal door den Landdrost voor ieder verzuim kunnen beboet worden met eene boete van niet meer dan Rds. 100. 3.

Dit was weer teen rondlopers en diewe wat gewaak moes word. Inboorlinge wat gretig was om hulle onder die beskerming van die Suid-Afrikaanse Republiek te plaas, kon 'n vaste woonplek van die Veldkornet ontvang en "tegen behoorlijke belooning"⁴ onder kontrak gestel word.

In September 1866 het die Volksraad besluit, dat die

-
1. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls, 97, Art. 46.
 2. V.R.N. April 1861, Art. 46.
 3. St Court. Z.A.R. No. 159, 24 Julie 1866, K.G.No. 76, Art. 6.
 4. Dieselfde, Art. 13.

amptenare aan die Inboorlinge passe kon gee om die land te ver-
1
laat. Omdat die Inboorlinge hierdie besluit byna willekeur
2
ontduik het, is in 1870 bepaal, dat die Inboorlinge wat die
land sonder 'n behoorlike pas verlaat het, hom bloot gestel
het aan 'n boete van £5 tot £25 of 12 tot 24 maande tronk-
3
straf.

Met die ontdekking van die diamantvelde het baie Inboor-
linge die land verlaat om op die delwerye te gaan werk. Op
aanbeveling van die Naturelle-Sake-Kommissie van 1871 het die
4
Uitvoerende Raad in Maart 1872 besluit, dat die Inboorlinge
wat die land verlaat het, voorsien moes wees van 'n pas wat
hulle van die Landdros sou ontvang. Vir sulke passe moes hulle
5
vyf sjielings betaal.

Pogings is deur belanghebbendes te Kimberley aangewend
om arbeiders uit die Suid-Afrikaanse Republiek te kry, selfs
6
sonder om die gesaghebbendes van die Republiek te nader.
Op die diamantvelde kon die Inboorling in 'n paar maande ge-
noeg verdien om 'n lang tyd lekker te lewe, en as hy nog daar-
by so gelukkig was om 'n paar diamante uit te smokkel, was hy
vir die res van sy lewe goed versorg, en het hy nie nodig
7
gehad om in diens by die Boere te tree nie. Gevolglik is die
8
fooi vir die buitelandse passe in 1876 verhoog tot £2.

Shepstone was nie besorg oor die gebrek aan arbeid nie
in die Transvaal. Hy wou die Kaffers nie ontmoedig om op die
diamantvelde te Kimberley te gaan werk nie, en weggedoen met
die hoë fooie.

-
1. V.R.N. September 1866, Art. 382.
 2. R. 1080/69.
 3. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 383, Art. 23.
 4. Die Kommissie het in November 1871 verslag gegee. E.V.R. 114, verslag van November 1871.
 5. U.R.B. 16 Maart 1872, Art. 30.
 6. L. III, 7, Landdros van Lydenburg aan Staat sekretaris, 14 Desember 1874, 4 Januarie 1875. Sien ook Merensky: Erinnerungen, bls. 291; Volkstem 13 Mei 1876.
 7. Volkstem 13 Mei 1876.
 8. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, Art. 13, Bls. 474.

Die bepalinge in verband met Inboorlinge wat die land ingekom het, is in 1878 ook gewysig. Volgens Wet No. 3 van die jaar sou die Inboorlinge wat die land ingekom het, ag dae kans kry om die gewone pas aan te skaf waarvoor hulle 1/- moes betaal¹. In 1880 is die bepaling ook herroep en vasgestel dat hierdie Inboorlinge by die amptenaar van die distrik waar hulle inkom, 'n reispas moes kry waarvoor hulle 1/ moes betaal. Hierdie pas moes aan enige burger van die Transvaal op aansoek vertoon word.² Na die Londen-Konvensie is hierdie bepaling weer net so deur die Suid-Afrikaanse Republiek bekragtig.³ Die Hoofdoel daarmee was om kontrole uit te oefen oor die Kaffers wat die land ingekom het, en kwaaddoeners uit te hou.

Die hoof motief vir die opstel van paswette deur die wat Trekkers noord van die Vaalrivier lê opgesluit in die verklaring van Retief in sy bekende manifes:

Ons wanhoop daaraan om die kolonie te red van die ewels wat dit bedreig deur die oproerige en oneerlike gedraf van vaebonde, wat toegelaat word om die land in alle dele te veronturus: en ons sien geen vooruitsig op vrede en geluk voor onse kinders en 'n land wat op die manier gekwel word deur inwendige beroeringe.

Van die wantoestande wat geskep is deur leegglêers en rondlopers het die Emigrante om deur paswette die ongewenste individue uit die land te hou of aan bande te lê. Dit was nie 'n middel om die Inboorlinge te onderdruk nie, en kon nie gebruik word om goedkoop arbeid te verskaf nie, maar was noodsaaklike maatreël om die lewe en eiendom van die Blankes te beskerm en 'n rustige voortbestaan vir die Boere te verseker.

-
1. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885 bls. 474.
 2. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 750, Art. 7.
 3. St. Court. Z.A.R. No. 144, 15 November 1883, K.G. No. 239.